

21 Januarie

Psalm 89:1-18

***Die kragtige regterhand van God bewaar met liefde***

In die beskrywing van God se heerlike grootheid word gesê: "kragtig is u regterhand". Daardeur word sy mag oor die skepping verbeeld. Met sy hand is alles gemaak wat daar is. Die magtige God aan wie die hemel en aarde behoort, het met Dawid 'n ewigdurende verbond gesluit. Sy liefdesdade en trou word besing, want Hy hou Hom aan sy woord.

Kan dit waar wees dat die groot en magtige God na mense soos ek en jy omsien? Hy wat uit niks lewe kan skep, wat uit stof die mens gemaak het, wat aan die berge hulle plekke op aarde toegewys het? Is daar enige logiese verduideliking waarom God sy sterke regterhand tot die voordeel van 'n mens gebruik? Nee, dit gaan die verstand te bowe. Daarom vra die mens vrae as dit soms lyk of God nie meer bewaar nie, maar verstoot (Ps. 89:39-46).

Tog is daar een grond vir die sekerheid dat God sy kragtige regterhand nie sal terugtrek nie: sy verbondsliefde. Hy straf die verbondskinders wat ongehoorsaam is aan sy bepalings, maar sy liefde hou Hy nie terug nie (Ps. 89:33,34). Hoe sien jy die regterhand van God? As dreiging of as seën ter wille van jou? Spot nie met God nie, want Hy is almagtig. Wees nie moedswillig ongehoorsaam aan sy verbondsvoorskrifte in die wet nie. Wees ook verseker dat sy straffende regterhand nie wegjaag nie, maar in liefde wil nadertrek. Hy wil jou as verbondskind juis van die oordeel red.

Sing: Psalm 89:12,13

Dr. W.C. Opperman (Windhoek-Suid)